# ECHO OF HIS CALL

## EGGO VAN SY ROEP

AFRIKAANS

ECHO OF HIS CALL REACHING NATIONS SINCE 1969 — 1969 TO 2029

India's National Spiritual Newspaper

₹ 10/-

Published monthly in ENGLISH, TAMIL, MALAYALAM, TELUGU, HINDI, KANNADA, MARATHI, BENGALI, GUJARATI, ODIYA, ASSAMESE, PUNJABI, NEPALI, URDU, SINHALA & AFRIKAANS

*Redakteur:* S. SAM SELVA RAJ | - In 16 Tale | *Mederedakteur:* BRO. WILLEM JACOBUS PRETORIUS

Vol. XIX — YEAR OF OUR LORD JESUS CHRIST, 2025 NOVEMBER — No. 05


### DIE HEILIGE SKRIF

Memoriseer asseblief hierdie gedeelte.

**PSALM 96:7-13**

7 Prys die Here, alle volke, prys die Here om sy eer en mag!

8 Prys die Here om die eer van sy Naam! Kom na sy voorhowe toe, bring vir Hom offers!

9 Buig voor die Here by sy heilige verskyning; betoon eerbied aan Hom, almal op aarde.

10 Verkondig onder die nasies: "Die Here regeer; die wêreld staan vas, dit wankel nie; die Here sal die volke regverdig oordeel."

11 Die hemele moet bly wees en die aarde moet juig, die see en alles daarin moet druis,

12 die veld en alles daarop moet jubel, al die bome in die bos moet hulle verheug

13 voor die Here, want Hy kom, Hy kom om oor die aarde te heers. Hy sal oor die wêreld heers met regverdigheid, oor die volke met billikheid.

# IS JY WAKKER OF SLAAP JY?

**ARE YOU AWAKE OR ASLEEP?** *Van Sus. Angel*



Ek groet julle in die Naam van ons verrese Here en Verlosser Jesus Christus, wat ons geseën het met elke geestelike gawe in die hemel. Dit is altyd 'n vreugde om te kan gesels met ons **Echo of His Call** uitgebreide familie deur hierdie tydskrif. My gebed is dat julle sal floreer in alle lewensareas, net soos julle gees floreer in Christus Jesus.

Ons kom nader aan die end van 2025. Hoe gou het hierdie jaar verbygegaan! Daar is baie om oor na te dink as ons terugkyk. Ek dank God vir elkeen wat 'n vrugtevolle en geseënde jaar beleef het, en ek bid vir hulle wat voor uitdagings gestaan het. Mooi so dat jy vas gestaan het tot hier toe. Waarlik, God is ons sterkte!

Dit was 'n besonders uitdagende jaar vir ons as 'n gesin. Ons het die smartvolle verlies van my broer ervaar – 'n geliefde seun van my ouers en 'n getroue dienaar van Christus. En tog, deur alles heen, was God se genade vir ons genoeg. Ek is diep dankbaar vir julle gebede en bystand tydens hierdie moeilike seisoen.

*....verv. op.bls. 3*




**Echo of His Call**

*YouTube Christian Channel !*

**Jy sal die geleentheid kry om saam met Pr. S. Sam Selva Raj te bid!**

**Boodskap & gebed in 5 minute!!**

**Engels, Hindi, Tamil & Telugu**

**Elke dag – From 2.00 vm**

**Tamil Sondagdiens – 8.30 vm.**

* Please Subscribe and Share *

ECHO OF HIS CALL REACHING NATIONS SINCE 1969

1969 TO 2029

# ECHO OF HIS CALL - (Marching towards 60th year)

Estd. 1969



## van julle geliefde broer...



### Ons Sendingopdrag

Ons moet die huidige generasie onderrig in die onvervalste leer van die ou, vroeë Apostels. Dit is die behoefte van ons tyd.

HON. EDITOR-IN-CHIEF

Rev. Dr. Angeline S. Kumari, M.A., M.Sc., M.Ed.

EX MANAGING EDITOR

Pastor Alex Samson Sam, B.Th., M.Div.

GENERAL MANAGER

Bro. N. Prakasam, M.A., M.Sc.(C&P), PGDHRM., MBA.

ADMINISTRATION

Sis. Jesy Veena Sam
Adv. K. Puratchivendan, M.Com., C.A., B.L.
Dr. P.E.R. Premchand, M.Sc., M.A., M.Ed., Ph.D.
Dr. C.G.S. Baburao, B.Tech., M.Tech. (DM), Ph.D.
Dr. Rabinder Boaz, M.S. (CMC)

EDITORIAL BOARD

Dr. Serena Bevin, M.A., M.Phil., B.Ed.
Sis. Sajini Cherian
Rev. Dr. K.R. Rajasekaran
Rev. Dr. William Robert, Ph.D., DD, D.Lit.

EDITOR, PUBLISHER & PRINTER

Pastor S. SAM SELVA RAJ
Echo of His Call Printers
10, Mohammed Abdullah 2nd Street,
Chepauk, Chennai- 600 005, India.
Phone : (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766
Cell : (+91) 98410 71852, 98412 71858 95661 31858

E.MAIL

sam@echoofhiscall.org
biblecor@yahoo.co.in

WEBSITES

www.echoofhiscall.org
www.stpaulsmatriculation.org

YOUTUBE CHANNEL

Echo of His Call

**Wees dus sterk en hou goeie moed, julle almal wat julle vertroue in die Here stel - Psalm 31:25.**

Geliefde broers en susters in Christus,



Heerlikheid en eer aan die kosbare Naam van ons Here Jesus Christus wat ons altyd lei op die pad van seën.

Ons het die afgelope maand verskeie uitdagings gehad: tegniese dinge met die drukkers, gesondheid sake onder ons medewerkers, en ander dringende sake wat soms ons bediening gerem het. Tog het God met sy magtige hand elke een omgekeer tot 'n getuienis van sy heerlikheid. Nou gaan ons voort met hernude ywer en vars opgewondenheid.

Ons verlang dringend julle vurige gebede dat God elke getroue werker sal bemagtig: ons toegewyde Gemeente-bedienaars, veld-werkers, drukpersoneel, kantoorspan, **Nehemia Bybelkollege** werkers, en die al die personeel van die **St. Paul Matrikulasieskool.**

Ons het tans 'n tekort aan toegewyde werkers wat vertragings veroorsaak het op verskeie plekke: Voltooiing van ons Senior Pastoor se outobiografie, die groei van die Inwonende Hindi **Nehemia Bybelkollege**, verskeie administratiewe sake, en algemene gemeente-ontwikkeling. Ons versoek julle gebede dat afgetrede regerings-amptenare en toegewyde voltydse predikante na vore sal kom om die las van hierdie bediening te help dra.

Mag die Here vir ons guns gee en sy Gees opnuut uitgiet en ons verenig om saam te dien vir sy eer, veral in hierdie tyd wat predikers wegdryf van die fondasie-waarhede van God se Woord en oorleun na wêreldse patrone en stelsels.

Ons vra ook dringende voorbidding vir elke bedienaar wat voorgaan in die geestelike oorlogfronte en ter wille van julle veg teen die vyand se vestings.

God is inderdaad goed, altyd! Amen.

In Christus Jesus, julle dienaar,

*PAST. S. SAM SELVA RAJ,* E-pos: : sam@echoofhiscall.org

....verv. op.bls. 1

Verlede maand het ek geskryf oor hoe belangrik dit is om ons harte te bewaak om God se seën te ontvang. Nadenke oor “bewaak”



***God het ons as wagters aangestel oor ons gesinne, gemeentes, stede en nasies***

het my herinner dat God ons elkeen roep om wagte te wees – bewakers – van wat Hy aan ons toevertrou het. Ons lees in Esegiël 3:17 – **Mens, Ek het jou aangestel as 'n wag vir Israel ...** God het ons as wagters gestel oor ons gesinne, ons kerke, ons stede, ons nasies.

'n Wag kan nie stil bly nie. Die Skrif sê: **Ek het wagte op jou mure uitgesit, Jerusalem, hulle sal dag en nag roep. Julle wat die Here aan sy beloftes moet herinner, julle moenie stilbly nie.** (Jesaja 62:6). Jesus Christus kom gou, ons kan nie bekostig om stil te bly nie!

'n Getroue wag moet waaksaam bly, om te sien, te hoor en selfs die fynste geritsel van gevaar op te merk. Ons is geroep om noulettend te wees, geestelik wakker te bly, alarm te maak wanneer ons moeilikheid sien kom. Wees wakker! Let op! Laat ons getrou waarsku en ander voorberei vir wat kom.

Esegiël 33:6 waarsku dat **as ons versuim om ander te waarsku, hulle bloed op ons hande sal wees.** En Jeremia 51:12 roep ons: **versterk die wagposte, sit wagte uit.**

Hierdie verantwoordelikheid is nie net om ander te waarsku nie, maar ook ons eie lewens te beskerm. Daar is talle afleidings en versoekings wat ons kan wegtrek van God se plan en doel. As ons nie waaksaam is nie, kan ons maklik val. Ons is geroep om vir God bewakers en oppassers te wees!

Maar hier is 'n beslissende vraag: Bewaak ons werklik soos waarvoor God ons geroep het?

'n Getroue wagter behoort onder andere waaksaam, wakker en bewus te wees.

Waaksaam is om sensitief te wees vir selfs geringe verandering of beweging.

Bewustheid gaan oor kennis van die omgewing wat ons oppas, die sterktes, die swak plekke, en moontlike kwesbaarhede.


Wakker-wees is dalk die belangrikste, want as ons nie wakker is nie, kan ons nie waaksaam wees of bewus wees van wat om ons aangaan nie.



***Ons moet bewus wees van wat om ons aangaan.***

In hierdie laaste dae roep God ons om geestelik wakker, bewus en waaksaam te wees.

## 1. MAAR WIE IS DIE WAT SLAAP?



Jesus gee in Matteus 13:15 'n antwoord: **Hierdie volk se verstand is afgestomp: hulle het hulle ore toegedruk en hulle oë toegemaak ...** Met ander woorde hierdie is mense wie se harte hard geword het. Hulle het die boodskap van liefde en hoop en geregtigheid

## BAIE DRINGENDE KENNISGEWING!




Daar mag onvermydelike onderbrekings kom in die posversending van **Echo of His Call** in die nabye toekoms. As jy **Echo of His Call** steeds wil ontvang sonder onderbreking, stuur asseblief vir ons jou naam, adres, e-pos, en WhatsApp nommer in 'n brief, e-pos, oproep of SMS of WhatsApp-boodskap so gou moontlik.

Jou hulp hierin help ons om jou beter te dien.

**Ons adres:**

**ECHO OF HIS CALL,**
**10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005, India**
**Cell: (+91) 98412 71858 / 98410 71858 E.mail: sam@echoofhiscall.org**

gehoor, maar hulle weier om hul gedrag te verander. Hulle wil nie sien nie, weier om te kyk, druk hulle ore toe.

Jesus het sulke mense beskryf as diegene wat ... **Hom met hul lippe vereer, maar hulle harte is ver van My af.**




***Ons harte moet God se stem hoor.***

As ons harte nie gewillig is om God se stem te hoor nie, is ons geestelik aan die slaap. As ons nie kan hoor wat God sê nie, of nie kan sien wat God doen nie, is ons geestelik aan die slaap, en kwesbaar.

## 2. WAT GEBEUR WANNEER ONS SLAAP?

In Matteus 13 is 'n gepaste gelykenis van 'n grondeienaar wat goeie saad in sy land gesaai het en dit toevertrou het aan sy werkers om dit te versorg. Maar terwyl hulle geslaap het, het die vyand stilweg gekom en onkruid tussenin gesaai, en toe weggeglip voor iemand kon sien. Later toe die plante begin groei het die werkers ontdek dat daar koring en onkruid saam opkom.

**Een nag, toe die mense slaap, het sy vyand gekom en**



***Terwyl die wagters slaap, het die vyand stilweg gekom en onkruid gesaai tussen die koring.***

**onkruid tussen die koring gesaai en verdwyn.** (Matteus 13:25).

## 3. TERWYL HULLE SLAAP HET DIE VYAND GEKOM!

Kom ons oordink hierdie vers behoorlik: Terwyl hulle slaap het die vyand gekom! Wie het in die stilte van die nag gekom? **Die vyand!**

As wagte word van ons verwag om wakker en oplettend te wees. Wanneer ons geestelik aan die slaap raak, verloor ons opmerksaamheid en die vyand gryp die geleentheid van ons onbeskermde oomblikke.

### Daarom die herhaalde aandrang van die Skrif:

**Waak en bid ...** (Matteus 26:41).

**Pasop vir vals profete ...** (Matteus 7:15).

**Pasop en wees op julle hoede ...** (Lukas 12:15).

**Volhard in die gebed! Wees daarby waaksaam en dankbaar** (Kolossense 4:2).

**Bly dus waaksaam** (Matteus 24:42).

Al hierdie verse beklemtoon die noodsaak om wakker en oplettend te bly. Tog, volgens die gelykenis, het die werkers gaan slaap – en dit is toe die vyand hulle kom besoek het.

Liewe vriende, die vyand val graag aan wanneer ons onverskillig is, of nie fokus nie, of geestelik slaap. Hy sluip rond soos 'n brullende leeu, wag vir die regte oomblik om aan te val, om ons te laat struikel en plat te slaan. Daarom moet ons oplettend bly.

Hoe bly ons geestelik wakker en gevoelig vir God se stem? Deur onverpoosd naby met Hom te wandel. Ons kan nie beskerming verleen vir onsself of ons gesinne, gemeentes, stede, ons nasies as ons verhouding met die



***Behou 'n naby en volgehoue wandel met Hom.***

Here lukraak of seisoenaal of halfhartig is nie.

## 4. DIE WOORD 'TUSSEN'

Nog 'n treffende besonderheid in die vers is die woord **tussen**. Waar het die vyand die onkruid gesaai? Nie ver weg nie, of in 'n ander ploegland nie, maar tussen die goeie saad! Die vyand weet presies wanneer en waar om sy onkruid te plant: midde in wat God geplant het, in dieselfde groeiseisoen.

*....verv. op.bls. 6*

# GROOT OPDRAG-VENNOTE

**OM TE DEEL** (Galasiërs 6:2), **ONDERSTEUN** (Romeine 12:13) & **TE BESPOEDIG** (2 Timoteus 1:6)



## GEBEDSPUNTE - 2025 November 19 Tot 2025 Desember 18

(Haal asseblief hierdie blad uit, vou dit en hou dit in jou Bybel en bid voortdurend)

## Prys God vir ...

| | |
|---|---|
| **November 19** | Sy seën met beveiliging van al ons verskeie aksies. |
| **November 20** | Sy volgehoue omgee en liefde vir ons. |
| **November 21** | Die moontlikheid om ons tydskrif te druk en versprei in 16 tale met ons eie drukker en dit na die sendingvelde te stuur. |
| **November 22** | Sy genadige leiding deur die afgelope maand. |
| **November 23** | Sy seën uitgestort oor ons veld-sendelinge en hul gesinne. |
| **November 24** | Nuwe gelowiges wat ons kerk bedien. |
| **November 25** | Sy seën oor al ons personeel en hulle gesinne. |
| **November 26** | Ons Senior Pastoor, vir sy toewyding om die Evangelie te versprei deur verskeie bedienings. |
| **November 27** | Sy leiding en seën oor elke aksie van **Echo of His Call Bedienings**. |
| **November 28** | Die seëning van meer kinders by die Sondagskool by die hoofkerk en suster kerke. |
| **November 29** | Sy hulp om die Evangelie te versprei na onbereikte gebiede deur ons YouTube Media Bediening. |
| **November 30** | Sy goedgesindheid oor ons Gebedsvennote, Ingeskrewe vennote, Geloofsvennote, Lewensvennote, Groot Opdrag-vennote en hul gesinne. |
| **Desember 01** | Sy seën oor ons mederedakteurs en koördineerders en hulle gesinne. |
| **Desember 02** | God se wonderwerke in ons Hospitaalbediening. |
| **Desember 03** | Toegewyde Mederedakteurs wat die **Echo of His Call** tydskrifbediening ondersteun. |

## Bid asseblief vir ...

| | |
|---|---|
| **Desember 04** | Meer mense wat kan inskryf by ons **Global Vision for Youth and Kid Care ministry**, met voorbidding vir die jeug en kinders van hierdie tydperk. |
| **Desember 05** | Die redding van tallose siele deur ons YouTube Media Bediening. |
| **Desember 06** | Goddelike beskerming en goeie gesondheid vir die gelowiges in al ons gemeentes. |
| **Desember 07** | 'n Groot wêreldwye herlewing in alle Christelike bedienings. |
| **Desember 08** | Die veiligheid van ons Senior Pastoor, S. Sam Selva Raj, en sy gesin teen elke vorm van bose magte. |
| **Desember 09** | Die uitbreiding van ons bedienings en wêreldwye bevordering van die Evangelie. |
| **Desember 10** | Eenheid en harmonie onder alle gelowe. |
| **Desember 11** | Die voorkoming van natuurrampe soos siklone en aardbewings oor die aarde. |
| **Desember 12** | Die verwydering van selfmoordtendense onder die jeug en jong volwassenes oor die wêreld. |
| **Desember 13** | Goddelike beskerming vir die studente en onderwysers by **St. Paul Matrikulasieskool** en **Nehemia Bybelkolleges**. |
| **Desember 14** | God se beskerming oor pastore en sendelinge oor die wêreld. |
| **Desember 15** | Die geestelike en fisiese welsyn van al ons verskeie gemeentelede. |
| **Desember 16** | Nog geskikte en toegewyde werknemers vir ons organisasie. |
| **Desember 17** | God se beskermende hand oor ons personeel en drukkerspan, dat hulle veilig en gesond sal bly wanneer hulle werk. |
| **Desember 18** | Eenheid en vrede onder alle nasies. |

## BID ASSEBLIEF VIR ONS BEDIENINGE BY DIE HOOFKANTOOR

1. Gebedsdiens : 24 uur
2. **ECHO OF HIS CALL** - Maandelikse Tydskrif: Engels, Tamil, Malayalam, Telugu, Hindi, Kannada, Marathi, Gujarati, Bengali, Odiya, Nepali, Assamese, Punjabi, Urdu, Sinhala & Afrikaans.
3. **BIBLECOR** – Basiese Bybelkursusse (Engels, Tamil & Hindi)
4. Teologiese Korrespondensiekursusse: Engels & Tamil
5. Nehemia Bybelkolleges (Chepauk, Santhoshapuram & Velachery)
6. Susterkerke: Santhoshapuram, Balaji Nagar & Velachery
7. Groot Opdragvennote (Netwerk van Pastore)
8. Opleidingprogramme – Seminare & Afsondertye
9. Veldtogte
10. Literatuurverspreiding en Opvolging
11. Evangelie Drukpers - Publikasies
12. St. Paul Matrikulasieskool - Village English High School
13. Sondagskole (Chepauk) : 10.30 vm. Sondag & (Velachery, Balaji Nagar & Santhoshapuram) 3.00 nm. Sondag
14. Vroeë Oggenddiens : 5.30 vm. Sondag
15. Voorbereidingsdiens : 8.00 vm. Sondag
16. Tamil Diens : 8.30 vm. Sondag
17. Jeugbyeenkoms : 11.00 vm. Sondag
18. Gemeenskap-middagete, : 1.00 nm. Sondag
19. Telugu Diens : 4.00 nm. Sondag
20. Hindi Diens : 5.00 nm. Sondag
21. Tamil & Engelse Diens : 6.00 nm. Sondag
22. Terugvoertyd : 7.30 nm. Sondag
23. Vroue gebed : 5.30 nm. Woensdag
24. Manne gebed : 7.30 nm. Vrydag
25. Dissipelskap-byeenkoms : 6.00 nm. Saterdag
26. Huis-samekomste : 6.30 nm. Dinsdag & Donderdag
27. Spesiale Nagmaal : 6.00 vm. 1ste dag van elke maand
28. Predikante-byeenkoms : 5.30 nm. Eerste Saterdag
29. Ouers se gebedstyd : 4.00 nm. Eerste Sondag
30. Naggebede : 9.30 nm. Derde Vrydag
31. Vas-gebede : 9:30 vm. Tweede Saterdag
32. Nagmaal : Tweede Sondagdiens
33. Jeug / Kinder-gebede : 10.00 nm. daagliks (per telefoon)
34. Personeel-toewyding : 9.00 vm. daagliks
35. Kantoor : 9.00 vm. tot 9.00 nm. (behalwe Sondae)

....verv. op.bls. 4

Ek glo hy het gewag vir die regte oomblik om toe te slaan, net soos die saaier se vyand in die gelykenis. Ons kry dikwels tussen die saad onkruid wat die saad verstik en versmoor. Onkruid dreineer die voedingstof, verhinder groei en vernietig gesonde plante. En hulle versprei vinnig soos 'n veldbrand.

Net so kry ons soms **onkruid** in ons lewens, tussen gesinslede, gemeentelede, vriende, en selfs bedieningsvennote. Sulke onkruid wil ons vreugde steel, ons vrede en gesondheid, en hulle beskadig verhoudings deur leuens en misleiding. Daarom het ons die




***Die dief steel ons vreugde, vrede en gesondheid.***

Gees van onderskeiding nodig om die konkelplanne en strategie van die duiwel te herken.

Die Bybel verhaal meer kere dat Jesus die omstanders se "gedagtes geken" en hulle "bose gedagtes" geken het. As wagte moet ons ook bedag wees op sulke

ECHO OF HIS CALL REACHING NATIONS SINCE 1969

NEHEMIAH BYBELKOLLEGES

HAAS JOU VIR TOELATING! Chepauk & Santhoshapuram, Velachery Chennai.

Kwalifikasie: 10de Standerd (Graad 12) of hoër

Diploma in Theology & Bachelor of Theology

Medium :Tamil (Part Time) Hindi (Residential) (Sponsorship Available)

Bid asb. vir

Erken deur Internasionale Christenleiers &Senior pastore vir die afgelope 56 jaar

Contact : The Chairman, Nehemiah Bible College.
10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA.
Phone : (+91-44) 2852 8282, Cell : (+91) 98410 71852 / 95661 31858
E.mail : sam@echoofhiscall.org / Website : www.echoofhiscall.org



*Wees versigtig soos slange en opreg soos duiwe.*

dinge van mense rondom ons. Jesus het gewaarsku: **"Onthou, Ek stuur julle soos skape tussen wolwe in. Wees dus versigtig soos slange en opreg soos duiwe"** (Matteus 10:16).

Dit is die Heilige Gees wat ons in alle waarheid lei. Daarom is dit belangrik dat ons sy inwoon teenwoordigheid sal koester en Hom vertrou om ons te lei. Weet dat tussen goeie mense daar altyd sommige met bose bedoelings kan wees, en dit is nie so eenvoudig om hulle uit te ken nie. Dikwels is dit die minsame, omgee en meegevoeliges wat deur sulke onkruide seergemaak word. Daarom moet ons waaksaam wees. Moenie dat iemand jou misbruik nie.

## 5. LAAT HULLE GROEI!

Dit is treffend in die gelykenis dat die saad en die onkruid nogal dieselfde kan lyk. In 13:26 lees ons: **Toe die groen koring opskiet en in die aar begin kom, het die onkruid ook sigbaar geword.** Bybelkenners verduidelik dat hierdie onkruid bekend is as "Darnel," 'n plant wat baie soos koring lyk. Dit is maklik om die twee te verwar.

Die verwarde werkers het vir die eienaar gaan vra: **Meneer, het u nie goeie saad op u land**

....verv. op.bls. 9


## Echo of His Call Postal Courses for candidates in India only

### 1. BIBLECOR

**Bid asb. vir**

Ons bied Korrespondensiekursusse aan oor Basiese Waarhede van die Bybel vir nuwe Christene en nie-Christene in Engels – 57 bladsye, Hindi – 76 bladsye & Tamil – 96 bladsye. Jy kry 'n kursusboek met die titel **New Life – For You! Na voltooiing van hierdie kursus sal jy 'n sertifikaat ontvang. Daar sal geen verpligte gelde wees nie. Jy sal geseën word!**

### 2. THEOLOGICAL CORRESPONDENCE COURSE

Advanced Distance Education called **Theological Correspondence Course** is available in English – 537 pages and Tamil – 652 pages for Pastors, Evangelists, Christian Leaders and for lay people who have passion to do God's Ministry! A fee of Rs. 1000/- is charged. 7 Books with 149 Chapters are supplied. **Certificate in Ministry** will be awarded. **God will bless you!**

***For more details, write to us.***

**The Chairman, Nehemiah Bible College,**

Echo of His Call, **Post Box 2957**, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005.
**Ph.: (044) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766, Cell : 98410 71852, 95661 31858**
**E.mail : biblecor@yahoo.co.in**

## Ons bankbesonderhede in Suid-Afrika

U blymoedige gawes kan gestuur word aan Echo of His Call Ministries vanaf enige plek in Suid-Afrika. Dit kan inbetaal wordinons bankrekeninge soos hier onder verstrek. As u aan ons ook die besonderhede stuur van u debietorder/oorbetalings/oordrag, sal dit moontlik wees om aan u 'n kwitansie uit te reik.

### Ons bankbesonderhede:

**ABSA BANK : Echo of His Call Missions**
**BANKKODE: 334515**
**REKENINGNO: 905 129 1908**
**TAK: JEFFREYSBAAI**
**KONTAKPERSOON: Mev Elbe Smit**
**Tel: (042) 296 1337 Sel: 084 813 2554 / e-pos: elbiesmith3@gmail.com**
**SIS. ELBINA SMITH**
**Address : DR. A. D. KEET STREET, WAVECREST, JEFFREYS BAY 6330.**


**Meld asb. u naam en naam van u dorp/stad op die bankdepositostrokie wanneer u donasies deponeer**



# PUT TOT PALEIS

(Lewenservarings van Pastoor S. Sam Selva Raj)

"Wie dit lees moet dit goed begryp" Matteus 24:15



## Die Vliegtuig wat my 'n Les geleer het!

'n Gierige mens veroorsaak rusie; een wat op die Here vertrou, is voorspoedig - Spreuke 28:25

Rondom 1970 het 'n vriend my na 'n klein plekkie, Nazarethupet, gevat om te bid vir 'n arm vrou wat deur die duiwel geteister was. Sy het aan verskeie siektes gely wat dokters nie kon genees nie. Omdat dit al aand was, het ek daar gebly en deur die nag vir haar gebid. God was genadig en het ons gebede gehoor en haar wonderbaarlik genees.

Die volgende oggend is ek daar weg en het 'n eenvoudige ontbyt geniet met die bietjie geld by my. Eers toe besef ek dat ek nie busgeld het om huis toe te gaan nie. Sonder kommer oor my situasie het ek die evangelie-pamflette by my gevat en begin loop en dit uitgedeel op my tog. 'n Ruk later het honger en moegheid my begin oorweldig.

Maar die Heilige Gees het my nie toegelaat om reguit huis toe te gaan nie. Nee, Hy het my gelei na Pastoor Abed-Nego wat bedien het onder die armes deur sy kerk, Life-Way in Tambaram. In daardie tyd het hy en wyle Br. Immanuel, Pastor Thomas van Life-Way ACA kerk in Chidambaram en Br. Police Chelladurai (tans bekend as 'n dienaar van God in Amerika) 'n tyd van vas en gebed gehou.

Na die gebede het Pastoor Abed-Nego se vrou gemerk ek is honger en my bedien met kos. Intussen het Br. Police Chelladurai, al was hy haastig terug na sy werk by die lughawe, my genooi om saam te gaan. Hy het gesê hy sal my in die lughawe invat om van die vliegtuie van naby te kan besigtig. Hy wou my bemoedig, sodat ek nie afgerem voel deur die laste van die bediening nie, maar eerder blydskap sal ervaar en verfrissing wanneer ek iets nuuts kon sien.

### DIE VLIEGTUIG IN HERSTEL!

By die lughawe het ek 'n vliegtuig gesien waarvan passasies moes afklim omdat dit 'n tegniese probleem ontwikkel het. Baie gou is vakmanne geroep om die probleem op te los, maar hulle kon nie. Kort daarna is ingenieurs van elders af ingebring en hulle het onophoudelik aan die probleem gewerk. Ek het my verstom aan hoe volhardend hulle gewerk het om dit reg te maak.

Intussen het die wagtende passasiers begin geduld verloor. Hulle het geskree dat hulle nie sal reis met 'n vliegtuig wat herstel word nie en het baie minagtend daarvan gepraat.

Na drie lang ure het die ingenieurs die vliegtuig vliegvaardig gemaak. Die passasiers, jonk en oud, wat heeltyd in die warm son gewag het, het begin inklim. Ek het ook tussen hulle gestaan, en was verbaas dat hulle my ook aangemoedig het om aan boord te gaan.

Net toe het die Heilige Gees my sagweg gerig om te kyk hoe die vliegtuig beweeg. Dieselfde vliegtuig wat nie geskik was vir vlieg nie, het stadig begin ry en spoed vermeerder op die aanloopbaan. Die vliegtuig wat ure lank onwaardig was, het skielik kragtig op sy tog vertrek.

### EN TOE PRAAT GOD MET MY!

"My seun Sam, jy mag vandag dalk verlate voel, eenkant gegooi, beskou as 'n nikswerd voertuig. Tog, om jou bestemming te bereik, moet jy 'n lang pad van geloof volg. Soos die vliegtuig onder herstelwerk moet jy ook herstel en vaardig gemaak word. Op die

regte tyd, my tyd, sal ek jou seën. Soos die vliegtuig baie mense dra, sal ek jou 'n voertuig van seën maak vir baie. Moenie vrees nie, want Ek is by jou."

Ek is terug na my plek nadat ek byna 20 kilometer geloop het. Vandag kan ek getuig dat die woorde wat die Here met my gepraat het in daardie moeilike dae, vervul is.

Liewe vriende, word jy soms moeg weens armoede, teenstand of die laste van die lewe? Wees rustig! Want dit staan geskryf:

**Julle sal genoem word: Priesters van die Here,**
**Dienaars van ons God. Julle sal van**
**die rykdom van die nasies geniet,**
**die trotse eienaars word van hulle besittings**
(Jesaja 61:6).

************

....verv. op.bls. 7

**gesaai nie? Waar kom die onkruid dan vandaan?** (Matteus 13:27). Die nie-waaksame werkers het gewonder waar die onkruid vandaan gekom het. Klink dit dalk bekend? Ons vra gereeld vir God: "Hoekom het dit in my lewe gebeur? Waar kom dit vandaan? Hoekom gebeur dit met my?

Hulle het nie mooi besef die eienaar het niks meer gedoen as net saad gesaai nie. God doen altyd wat die beste vir ons is, selfs al voel ons anders daaroor. Hy gee vir ons gawes wat van bo kom: **Elke goeie gawe en elke volmaakte geskenk kom van Bo. Dit kom van die Vader wat die hemelligte geskep het, maar wat self nie soos hulle verander of verduister nie** (Jakobus 1:17).

Die eienaar het eenvoudig geantwoord: "Laat dit saam groei ..."



***Die eienaar antwoord: "Laat hulle groei."***

Soms wonder ons hoekom mense wat onverskillig teenoor God lewe se lewens meer geseënd voorkom as diegene wat Hom met hart en verstand en siel dien. Hoekom ly ek wat God se kind is, terwyl ander wat immoreel lewe skynbaar hulle lewens geniet? Die antwoord is duidelik: "Laat hulle groei."

God is tegemoetkomend. Sy genade oorskry ons verbeelding. Hy gee tyd en geleentheid om te verander. Hy laat sy son skyn op regverdiges en onregverdiges. Maar een dag sal alles aan die lig kom, "in die oestyd."

## 6. IN DIE OESTYD!

Toe die werkers die onkruid tussen die koring wou uittrek het die eienaar gesê: "Nee." Terwyl beide gegroei het, was die verskille nie goed sigbaar nie. Maar tog moet ons onthou: Beide die koring en die onkruid gaan geoes word – die oordeelsdag. Die verskil sal dan duidelik word, wanneer ons voor die regterstoel staan.

Die eienaar het gesê: **"Laat al twee saam groei tot met die oes. In die oestyd sal ek vir dié wat oes, sê: Maak eers die onkruid bymekaar en bind dit in bondels om dit te verbrand, maar bring die koring na my skuur toe."** (Matteus 13:30).

So, wat ons vir ons vandag moet afvra, is dit: By watter bondel behoort ons?

God is so erg lief vir ons dat Hy nie wil hê enigeen moet by die bondel wat vir ewige dood bestem is, gebind word nie – **in die brandende oond ... Daar sal hulle huil en op hulle tande kners** (Matteus 13:42). Daarom het Jesus na die aarde toe gekom: Om ons sondes, vloeke, siektes, hooploosheid en leegheid op die kruis by Golgota te dra. Hy het vir ons gesterf, die dood gesmaak. Maar omdat die dood Hom nie kon hou nie, het Hy op die derde dag opgestaan, en gewys Hy is meer as 'n oorwinnaar.

Hy kom weer, soos Hy belowe het. Die Koning van die konings, die Regter van die wêreld. Die enigste manier om te ontkom aan ewige verdoemenis, is om Jesus Christus as Verlosser te aanvaar, Hom te verklaar as Heer van jou lewe, en so aan Hom te behoort. Dit is die enigste uitweg.

Die Bybel sê: **Dan sal die gelowiges in die koninkryk van hulle Vader skitter soos die son. Wie ore het, moet luister** (Matteus 13:43).

God wil dat ons vir Hom skyn. Die groot vraag is: **Is ons gewillig om vir Hom te skyn? Is ons koring of onkruid? Is ons wakker, of aan die slaap?**

*************

**NOTICE**

Save our mobile numbers (+91) 98410 71858, (+91) 98412 71858 (main numbers) in your mobile phones.

- Editor

Posted at "Egmore RMS Patrika Channel" RNI TC NO. TNAFR/2007/21215

## 'n Goeie geleentheid om Echo of His Call Maandelikse Tydskrif gratis te kry

As jy vir ons die adresse van jou vriende / familie stuur per pos of e-pos, Whatsap of bel, sal ons maandeliks vir hulle **Echo of His Call** gratis stuur.

## Bid asseblief

### ST. PAUL'S MATRICULATION SCHOOL

Die Engelse Christen-Hoërskool wat Echo of His Call bedryf vir arm en weeskinders. Ons het borge nodig vir 200 kinders @ R200 per kind. Ons vra borge. Jy kan jou donasies na ons bankrekeninge in Suid-Afrika stuur.

**Onderrig van Gehalte!**
**Geestelike opleiding!!**

**Van kleuteronderrig tot Gr.10**

Kontak:

**10, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai – 600 005.**
**Telefoon : (+91-44) 2852 8282**
**Sel : (+91) 98410 71852**
**E-pos : sam@echoofhiscall.org**

# ECHO OF HIS CALL

**Maandblad in 16 tale, Bybelkolleges, Korrespondensiekursusse, Kerkplanting, Village English High School, Evangeliese Drukpers, Uitreike, Seminare, Maatskaplike Dienste, ens.**

**Jaarlikse intekengeld Rs. 100/-** **Lewenslange intekengeld Rs. 2000/-**

Die veelvuldige aktiwiteite van die **Echo of His Call Bedieninge** word ondersteun deur die vrywillige offers en donasies van God se kinders soos jy. Jy kan **Echo of His Call** en ons aktiwiteite ondersteun soos die Here jou lei. Ons het jou hulp nodig om die evangelie uit te stuur na die onbereikte mense en om kerke te plant.

As jy gereeld die **Echo of His Call** maandblad wil ontvang, skryf asseblief aan ons. As jy van posadres of e-posadres verander, stel ons asseblief in kennis van jou ou en nuwe adres.

**Echo of His Call** is ook in 16 tale beskikbaar op ons webtuistes. Jy kan dit lees of op die webwerf gaan en dit aflaai en geseën word.

Julle briewe, gebedsversoeke en finansiële hulp (**Geldwissels, Tjeks of Aftrekorders, EO's, PayPal (Sam Selva Raj,** sam@echoofhiscall.org**) Tel.9841071858, Gpay (98410 71858), Western Union, MoneyGram** aan **Echo of His Call** kan asseblief gestuur word na die onderstaande adresse.

Stuur asseblief jou **landlyn/selfoonnommer** en **e-posadresse** vir opdatering.

## ECHO OF HIS CALL

10, MOHAMMED ABDULLAH 2ND STREET, CHEPAUK, CHENNAI - 600 005, INDIA
PH: (+91-44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766, Cell: (+91) 98410 71858, 98412 71858 / E.mails: sam@echoofhiscall.org / biblecor@yahoo.co.in
Websites: www.echoofhiscall.org / www.stpaulsmatriculation.org

**JY KAN JOU DONASIES OOK AANLYN STUUR**

**Regd. With the Registrar of Newspapers for India under No. TNAFR/2007/21215**
**Date of Publication: First week of every month**
**Date of Posting : 3rd & 4th of every month**
**Posted at "Egmore RMS Patrika Channel"**
**on 4th NOVEMBER 2025**
**If un-delivered please return to:**
**ECHO OF HIS CALL (AFRIKAANS)**
**P.O. Box No. 2957, Chepauk, Chennai - 600 005, INDIA.**
**Phone: (+ 91- 44) 2852 8282, 2852 9293, 2854 7766**

***JESUS HET JOU LIEF!***

To

**GOD SEËN JOU!**

Owned and published by **S. Sam Selva Raj** from New No. 8 & 10, Old No. 18 & 19, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005 and printed by **S. Sam Selva Raj** at **Echo of His Call Printers**, New No. 8 & 10, Old No. 18 & 19, Mohammed Abdullah 2nd Street, Chepauk, Chennai-600 005. Editor: **S. Sam Selva Raj.**